

Personeelkamer Opening

77. Ek wil jou gebruik

Eendag lank gelede, in die hart van die Westelike Koninkryk, was 'n pragtige tuin. In die koelte van die namiddag het God besluit om in Sy tuin te gaan wandel. Bamboes was een van Sy gunsteling. Jaar na jaar het bamboes net meer grasielus en edel geword, terdeë bewus van God se liefde en vreugdevolle blik, maar steeds was bamboes nederig.

Gereeld, wanneer die wind begin het om te waai het bamboes ontslae geraak van sy statige postuur en begin om te dans en te speel in die wind. Hy het geswaai en gebuig van pure blydschap en die ander plante gelei in die blye dans voor die aangesig van God. Dit het die hart van God geweldig verbly om die blydschap in Sy tuin te sien.

Toe, eendag, kom God om bamboes ondersoekend te bestudeer. Bamboes het gou sy groot toppe tot op die grond neergebuig voor God in 'n liefdevolle groet.

“Bamboes, Ek wil jou gebruik.”

Bamboes gooi sy groot toppe in die lug van pure blydschap. Die dag van dae het gekom, die dag waarvoor hy gemaak is, die dag waarvoor hy grootgeword het en gegroei het uur vir uur. Die dag waarop hy die vervulling van sy lewensdoel sal sien en ervaar.

In 'n lae stem antwoord Bamboes: “God, ek is gereed. Gebruik my soos U wil.”

“Bamboes, dit sal beteken dat Ek jou sal moet afkap!”

Bamboes bewe van pure angs....”My ... afsny? Ek....vir wie U die mooiste gemaak het in die hele tuin. My afsny! Asseblief, net nie dit nie. Gebruik my vir U glorie, vir U blydschap, op enige ander manier, maar moet my nie afsny nie!”

“My geliefde Bamboes,” – God se stem is sag – “As Ek jou nie kan afsny nie, kan Ek jou nie gebruik nie.”

Die hele tuin het in doodse stilte verval. Wind het sy asem opgehou. Bamboes buig stadig sy groot trotse toppe af. Daar was 'n sagte fluistering:

“As U my anders kan gebruik as om my af te sny nie... doen dan U wil en sny.”

“Bamboes, geliefde Bamboes, Ek sal jou blare en takke ook van jou moet afsny.”

“God, spaar my. Sny my af en lê my skoonheid neer in die stof; maar moet U regtig my blare en takke ook afsny?”

“Bamboes, as ek hulle nie wegsny nie kan Ek jou steeds nie gebruik nie.”

Die son het sy gesig versteek. “n Vlinder wat na alles geluister het, fladder beangs weg. En Bamboes wat bewe in die vreeslikste afwagting fluister saggies: “God, sny as U moet.”

“Bamboes, Ek sal jou nog verder in twee moet kloof en jou hart moet uitsny, want as Ek nie so sny nie kan ek jou nie gebruik nie.”

Toe buig Bamboes laag na die aarde: “God, sny dan en kloof.”

So het God die Bamboes geneem ...
en hom aangesny...
en sy takke afgekap...
en hom gestroop van al sy blare...
en hom in twee gekloof...
en sy hart uitgesny...

God het hom saggies opgetel en hom gedra na 'n fontein met vars sprankelende water in die middel van 'n droë veld. Versigtig plaas Hy die een ent van gebreekte Bamboes in die fontein en die ander ent in 'n watervoor in Sy veld en lê Sy geliefde Bamboes versigtig neer.

En die fontein bars uit in sang en die skoon sprankelende water hardloop vreugdevol langs die kanaal van Bamboes se verskeurde liggaam in die afwagende droë veld. Toe word die rys geplant, gou loop die eerste spriete uit en nie lank daarna was die eerste oes van baie, gereed.

Daardie dag was Bamboes se glorierykste dag, want in sy skoonheid was hy lewe in oorfloed maar in sy gebrokenheid het hy 'n kanaal geword vir oorvloedige lewe en kon hy tot sy volle potensiaal gebruik word.

Toepassing:

En ek en jy? As die Here by jou kom stilstaan en se Hy wil jou gebruik. Maar eerste moet alles wat eie ek is weggesny word, dan moet die klip hart uitgehol word sodat Sy Waters deur jou kan vloei sodat jy bruikbaar is vir Sy diens.

Gaan jy oorgee of gaan jy protesteer.?

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.